Bekendstelling van projek Bartimeus – Matt 20:29-34

Voorsitter van die diakensvergadering

Wat is projek Bartimeus?

Vir baie jare al is die NHK al deel van die Transoranje Instituut vir Buitengewone onderwys. Die diakens van die ring van Bronkhorstspruit het op hulle pas afgelope ringsdiakensvergadering ‘n baie moedige besluit geneem.

Hulle het besluit om die finalejaar katkisante te betrek by die praktyk van die diens van barmhartigheid. Hulle het met hierdie besluit twee doelwitte voor oë gehad:

(1) Om die finalejaars bewus te maak van hoe bevoorreg hulle is om ‘n lewe as normale tieners te kan leef
(2) Om hulle betrokke te maak by ‘n projek waar hulle iets vir iemand doen sonder om iets in ruil daarvoor terug te kry.

Ek neem die vrymoedigheid om nou al die finalejaar katkisante uit te nooi om aan projek Bartimeus deel te neem. Bartimeus was een van die blindes wat deur Jesus gesond gemaak was. Lees gerus meer van hierdie gebeure in Matteus 20.

Om spreekwoordelik die hand vas te hou van ‘n dowe, blinde, hardhorende of serebraalgestremde kind of ‘n kind wat aan epilepsie ly, of een met ‘n ernstige leerprobleem, bly ‘n ongelooflike ervaring.

Vir meer inligting oor die Transoranje Instituut vir Buitengewone onderwys verwys ek u na ‘n artikel wat verskyn in die Konteks van Mei 2005 op Bl 28-29.

Wil u nie as diakens, in samewerking met die predikant en die kategesehoof, betrokke raak by projek Bartimeus nie?

Wat behels dit alles?

- U moet die finalejaar klas motiveer om betrokke te raak by die lotgevalle van hierdie kinders wat in skole van die Transoranje Instituut is.

Hoe kan u hulle bewus maak van hierdie kinders se probleme?

- Laat een finalejaar katkisant watteprope in sy oor sit en laat die ander finalejaars op ‘n baie sagte stemtoon vir hom iets sê. Toets sy reaksie op hierdie oefening. Dit is soos ‘n dowe kind elke dag moet ‘hoor’.
- Laat ‘n finalejaar wat ‘n bril dra die lense met ‘cellotape’ toeplak en dan iets probeer lees. So illustreer u weer iets van die leefwêreld van die blinde kind.

Wat kan hulle doen?

- Motiveer hulle om op hulle eie ‘n projek te reel waar hulle spesifiek fondse insamel om die lotgevalle van hierdie kinders te help verbeter. Laat die inisiatief aan hulle oor. Laat hulle dit geheel en al hulle eie projek maak. Gee net positiewe leiding waar dit nodig mag wees.

- Al samel hulle net R50.00 in, is dit geld wat ons nie gehad het nie.

Bemarking

- Die kinders kan al hulle planne en projekte (veral digitale fotos) aan my e-pos by adv@nhk.co.za om op die kerk se

webwerf te plaas. So kan ons die kinders se ywer en entoesiasme (en idees) met die res van die kerk deel.

Beloning?

- Die grootste beloning is daarin dat die finalejaars betrokke raak by die lotgevalle van ander tieners in hartseer omstandighede.
- Ons sal aan die einde van projek Bartimeus erkenning gee aan die finalejaargroep wat die oorspronklikste idée uitgedink het. (LW nie die meeste geld ingesamel het nie).
- Daar sal gereeld korrespondensie deurgestuur word om die vordering van die projek met u te kommunikeer.

Hulpmiddels

- Die kinders kan gerus met Arina Joose kontak maak by die kantoor van die Instituut vir idees en materiaal wat hulle sou nodig kry. Sy kan gedurende kantoorure gekontak word by tel no……
- Hier is ook spaarbussies beskikbaar by die kantoor. As die finalejaars daarvan ook gebruik wil maak, is hulle welkom om my te kontak by die kerkkantoor.

Sluitingsdatum:

- Die projek neem ‘n aanvang op 1 Mei en eindig op 15 Oktober.

Inbetaling?

- Alle gelde word inbetaal by die Raad van finansies: Die volgende moet saam met die inbetaling vermeld word:

(1) Die naam van die gemeente
(2) Die naam “projek Bartimeus”

Kom ons neem deel aan die projek terwille van ons eie finalejaars en die kinders wat hulp nodig het.

Indien u enige navrae het is u welkom om met my kontak te maak.

Groete in Christus

Dr WJ Coetzer
Sekretaris van die ADV.